SUURDEEG PLANTJIE: DAG 2

SUURDEEG PLANTJIE: DAG 2
(Is daar lewe):
Selfde tyd as Dag 1
Bekyk jou plantjie mooi vir enige borreltjies. Dit mag dalk nog te gou wees, maar in ons warm klimaat, wie weet. As daar ‘n borreltjie of 4 is, geluk, jy is nou die ouer van ‘n suurdeeg plantjie, maar die gevaar is nog nie verby nie. Ruik nou aan jou plantjie, op hierdie stadium mag jy dalk al die vars gis reuk te kry, maar as dit nog nie daar is nie, dis nie ‘n trein smash nie. Wees wel bedag op enige slegte ruik, want dit beteken die slegte bakterie het vinniger as die goeie bakterie gegroei en jy sal ongelukkig moet oor begin.
Eerste Voer: As jy tevrede is en jou plantjie lyk nog goed is dit tyd vir hierdie stap. Gooi +/- die helfde van jou plantjie plus die 4 rosyntjies uit/weg. Voeg nou by dit wat oor is in jou bottel die 200ml meel en 100ml water en roer goed deur, al die meel moet ingemeng wees. Plaas lap deksel terug en gaan sit hon weer waar jy hom gister gelos het.
Die foto is van die internet af, maar hy wys mooi die verskil tussen dag 1 en dag 2.

Geplaas deur Albert Buitenhuis